Remgro Beperk

Registrasienommer 1968/006415/06

GEOUDITEERDE GEKONSOLIDEERDE RESULTATE

VIR DIE JAAR GE»INDIG 31 MAART 2001

Wesensverdienste per aandeel 28% toename

Dividend per aandeel 35% toename

Vyf jaar saamgestelde groeikoerse: (pro forma)
– Wesensverdienste per aandeel 21% per jaar
– Dividend per aandeel 21% per jaar

Herstrukturering van Rembrandt Groep Beperk en vorming van Remgro Beperk, gedurende September 2000 geïmplementeer

Aflossing van helfte van die voorkeuraandeelhouding in British American Tobacco

Ruil van beleggings in Billiton en Gold Fields vir belange in FirstRand en RAB Beherend

VERKORTE BALANSSTAAT

	2001 R miljoen	2000 R miljoen *Pro forma*
BATES		
Eiendom, aanleg en toerusting	2 242	2 259
Klandisiewaarde en handelsmerke	3 493	80
Beleggings – Geassosieerde maatskappye	12 523	10 660
– Ander	115	150
Lenings	10	11
Uitgestelde belasting	9	–
Bedryfsbates	3 395	2 283
(Sluit kontant en kontantekwivalente van R1 810 miljoen (2000: R1 034 miljoen) in)		
Totale bates	21 787	15 443
EKWITEIT EN LASTE		
Belang van eie lede	19 536	12 556
Minderheidsbelang	888	809
Totale aandeelhouersekwiteit	20 424	13 365
Rentedraende lenings	300	403
Ander nie-bedryfslaste	52	42
Ander bedryfslaste	1 011	1 633
Totale ekwiteit en laste	21 787	15 443
Netto batewaarde per aandeel (Rand)		
– Teen boekwaarde	R37.43	R24.05
– Met inagname van markwaardes/ direkteurswaardasies van beleggings en genoteerde filiaalmaatskappye	R64.32	R51.43

VERKORTE KONTANTVLOEISTAAT

	2001 R miljoen
Kontant uit bedrywighede voortgebring	442
Belasting betaal	(116)
Dividende ontvang	1 155
Dividende betaal	(303)
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	1 178
Beleggingsaktiwiteite	356
Finansieringsaktiwiteite	(631)
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	903
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	897
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	1 800

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	2001 R miljoen
Saldo op 1 April 2000 soos voorheen gerapporteer	12 635
Aansuiwerings ten opsigte van vorige jare	(79)
Aangesuiwerde saldo op 1 April 2000	12 556
Netto wins vir die jaar	6 590
Dividende betaal	(292)
Wisselkoersaanpassings	892
Verandering van belange in filiaalmaatskappye, geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	(51)
Verandering in reserwes van geassosieerde maatskappye	(159)
Saldo op 31 Maart 2001	19 536

VERKORTE INKOMSTESTAAT

	2001 R miljoen	2000 R miljoen *Pro forma*
Omset	7 358	5 738
Bedryfswins voor waardevermindering	741	615
Waardevermindering	(173)	(167)
Finansieringskoste	(67)	(36)
Wins uit bedrywighede	501	412
Belang in na-belaste bedryfswins van geassosieerde maatskappye	2 919	2 317
Amortisasie van klandisiewaarde	(159)	(33)
Uitsonderlike items	3 422	(339)
	6 683	2 357
Belasting	14	(100)
Wins na belasting	6 697	2 257
Minderheidsbelang	(107)	(86)
Netto wins vir die jaar	6 590	2 171
Wesensverdienste rekonsiliasie:		
Basiese verdienste – netto wins vir die jaar	6 590	2 171
Plus/(minus) – toeskryfbaar aan eie lede:		
– Uitsonderlike items	(3 541)	333
– Amortisasie van klandisiewaarde	159	33
– Netto oorskot, na belasting, met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	(6)	(29)
– Waardedaling van bates	9	–
Wesensverdienste	3 211	2 508

VERDIENSTE EN DIVIDEND PER AANDEEL

	2001 Sent	2000 Sent
Wesensverdienste	615.1	480.5
– Verwater	614.7	480.5
Basiese verdienste	1 262.5	415.9
– Verwater	1 261.5	415.9
Dividend	162.00	
– Tussen	56.00	
– Finaal	106.00	
Vergelykbare dividend van Rembrandt Groep Beperk		120.00
– Tussen		44.71
– Finaal		75.29

ADDISIONELE INLIGTING

Aantal aandele uitgereik		
– Gewone aandele van 1 sent elk	486 493 650	486 493 650
– B-aandele van 10 sent elk	35 506 352	35 506 352
Totaal	522 000 002	522 000 002

– In die berekening van wesensverdienste en basiese verdienste per aandeel is die totale aantal uitgereikte aandele gebruik.
– In die berekening van verwaterde wesensverdienste en basiese verdienste per aandeel is die totale aantal uitgereikte aandele aangepas vir die verwateringseffek van die maatskappy se langtermyn aandele-aansporingskema.

	2001 R miljoen	2000 R miljoen *Pro forma*
Genoteerde beleggings		
Geassosieerd		
– Boekwaarde	5 123	5 286
– Markwaarde	9 943	9 080
Ander		
– Boekwaarde	50	18
– Markwaarde	131	51
Ongenoteerde beleggings		
Geassosieerd		
– Boekwaarde	7 400	5 374
– Direkteurswaardasies	18 442	13 954
Ander		
– Boekwaarde	65	132
– Direkteurswaardasies	75	142
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	176	182
Kapitaalverpligtinge (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)	100	117
Dividende ontvang		
– Dividende ingesluit by bedryfswins	33	5
– Dividende vanaf geassosieerde maatskappye teen beleggings verreken	1 482	683
Uitsonderlike items		
Uitsonderlike items van filiaalmaatskappye is soos volg saamgestel:		
Herstrukturerings- en sluitingskoste	(7)	(2)
Netto kapitaalsurplus met verkoop van beleggings en besighede	1 518	234
Netto kapitaalsurplus met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	16	–
Ander	(4)	(30)
	1 523	202
Belang in uitsonderlike items van geassosieerde maatskappye	1 899	(541)
Herstruktureringskoste van British American Tobacco Plc (BAT)	(273)	(362)
Kapitaalsurplus met aflossing van omskepbare aflosbare voorkeuraandele in BAT	2 202	–
Waardedaling van mynboubates van Gold Fields Beperk	–	(205)
Ander	(30)	26
Totaal voor belasting	3 422	(339)
Belasting	120	3
Totaal na belasting	3 542	(336)
Toeskryfbaar aan minderhede	1	(3)
Toeskryfbaar aan eie lede	3 541	(333)
	3 542	(336)

KOMMENTAAR

1. HERSTRUKTURERING VAN DIE VOORMALIGE REMBRANDT GROEP

Die aandeelhouers van Rembrandt Groep Beperk (Rembrandt) het op 21 September 2000 op 'n algemene jaarvergadering die herstrukturering van Rembrandt goedgekeur.

Die onderliggende belange van Rembrandt is effektief op 1 April 2000 in twee afsonderlike maatskappye naamlik Remgro Beperk (Remgro) en VenFin Beperk (VenFin) herstruktureer. Hierdie maatskappy (Remgro) sluit hoofsaaklik Rembrandt se tabak-, nywerheids-, myn- en finansiële belange in. Die aandelekapitaal van Remgro is herskik om ook ongenoteerde B-aandele te skep, wat aan Rembrandt Trust (Edms) Beperk uitgereik is. Remgro se uitgereikte gewone aandele is op 26 September 2000 op die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika (JSE) genoteer.

2. VERGELYKENDE SYFERS

Die pro forma vergelykende syfers in die inkomstestaat vir die jaar geëindig 31 Maart 2000 en in die balansstaat op 31 Maart 2000, verteenwoordig die syfers van Rembrandt nadat aanpassings gemaak is vir beleggings wat in terme van die herstrukturering oorgedra is na VenFin en is op die geouditeerde Rembrandt jaarstate gebaseer.

Pro forma vergelykende syfers vir die gekonsolideerde staat van veranderinge in ekwiteit en vir die kontantvloeistaat is nie beskikbaar nie.

3. REKENINGKUNDIGE BELEID EN HERSAMESTELLING VAN VERGELYKENDE SYFERS

Die finansiële jaarstate word hoofsaaklik volgens die historiese kostegrondslag opgestel ooreenkomstig Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk en inkorporeer die rekeningkundige beleid wat, met die uitsondering van die verantwoording van klandisiewaarde, wesentlik in ooreenstemming is met dié van Rembrandt in die vorige jaar.

Sage Groep Beperk (Sage)

Benewens sy primêre grondslag van verantwoording volgens die finansiële gesondheidsgrondslag, voldoen Sage ook aan die Suid-Afrikaanse Standpunt oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk met betrekking tot gekonsolideerde finansiële state en verantwoording vir beleggings in filiale (RE 132), wat nou ook op langtermynversekeraars van toepassing is. Vir ekwiteitsdoeleindes gebruik Remgro nou Sage se syfers volgens RE 132 teenoor eersgenoemde grondslag in die vorige jaar. Remgro se pro forma syfers vir die jaar tot 31 Maart 2000 is dienooreenkomstig soos hieronder saamgestel.

Hersamestelling van vergelykende syfers	Jaar geëindig 31 Maart 2000 *Pro forma*
Per aandeel	Sent
Wesensverdienste soos voorheen gerapporteer	485.6
Verandering in rekeningkundige hantering van Sage	(5.1)
Hersaamgestelde wesensverdienste	480.5

4. RESULTATE

– Wesensverdienste per aandeel

Wesensverdienste per aandeel het met 28.0%, van 480.5 sent tot 615.1 sent gestyg. Die hoofredes vir die toename was die styging in verdienste van die tabakbelange, met 'n toename van 31.5%, waarvan 11.2% deur die swakker rand bygedra is, en mynbelange, met 'n toename van 66.3%. Nywerheidsbelange se bydrae tot die wesensverdienste was 1% laer as die vorige jaar, ten spyte van Rainbow Chicken Beperk se verbeterde bydrae tot die groep se wesensverdienste vanaf R7.7 miljoen tot R63.3 miljoen. Dorbyl Beperk en Malbak Beperk het afnames in verdienste getoon.

– Basiese verdienste per aandeel

Basiese verdienste, ná uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde, het met 203.6% van 415.9 sent tot 1 262.5 sent per aandeel toegeneem, danksy twee wesenlike gunstige uitsonderlike items. 'n Surplus van R1 371 miljoen is te boek gestel met die verkoop van Remgro se belange in Billiton Plc en Gold Fields Beperk aan Anglo American Plc en De Beers Consolidated Mines Limited, in ruil vir die grootste gedeelte van hul aandeelhoudings in FirstRand Beperk. 'n Verdere surplus van R2 202 miljoen is verantwoord deurdat R&R Holdings, waarin Remgro 'n belang van een-derde het, sy verkoopsopsie ten opsigte van een-helfte van die BAT omskepbare aflosbare voorkeuraandele in Junie 2000 uitgeoefen het.

5. OMSET

	2001 R miljoen	2000 R miljoen *Pro forma*
Omset, uitgesluit dividende en rente	5 735	5 005
Dividende en rente	1 623	733
Totale omset	7 358	5 738

6. BRON VAN WESENSVERDIENSTE

	2001 R miljoen	%	2000 R miljoen	%
Handelsmerkbelange	1 599	50	1 247	50
Mynbelange	823	26	495	20
Nywerheidsbelange	380	12	383	15
Finansiële dienste	238	7	217	9
Korporatiewe finansies en ander belange	171	5	166	6
	3 211	100	2 508	100

7. TABAK

Remgro se tabakbelange word verteenwoordig deur 'n een-derde aandeelhouding in R&R Holdings, Luxembourg, (R&R). Die ander twee-derdes word deur Compagnie Financière Richemont AG (Richemont) gehou. As gevolg van die samesmelting van Rothmans International en British American Tobacco Plc (BAT) in Junie 1999, het R&R 'n belang van 35% in die vergrote BAT gekry. Die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2001 is dus R&R se eerste volle jaar van besit van die belegging in BAT.

R&R het sy belang in BAT geëkwiteer in die finansiële jaar onder oorsig. In die wins en verlies rekening van die vorige jaar het R&R die belegging in BAT vir 'n tienmaande-tydperk geëkwiteer en sy belang in die resultate van Rothmans International vir die eerste twee maande van daardie jaar op 'n ekwiteitsgrondslag ingesluit.

Buiten die uitwerking van die samesmelting, word 'n vergelyking van die onderskeie jare se resultate verder bemoeilik deur die vermindering in R&R se effektiewe belang in BAT vanweë die uitoefening van die verkoopopsie ten opsigte van die helfte van die belang in BAT se voorkeuraandele in Junie 2000. Die aflossing hiervan het R&R se effektiewe belang in BAT tot 31.6% verminder in die laaste tien maande van die jaar onder oorsig.

Ingevolge die Rembrandt-herstrukturering is die nie-tabakbates van R&R, waaronder die opbrengs van die aflossing van 'n gedeelte van die BAT-voorkeuraandele, oorgedra na R&V Holdings Limited, Jersey (R&V), waarin VenFin Beperk een-derde en Richemont twee-derdes hou. In die aangesuiwerde resultate van beide jare is die inkomste toeskryfbaar aan die BAT-voorkeuraandele, en ander nie-tabakbates, aan R&V toegedeel.

Soos verlede jaar, pas R&R die resultate van BAT aan, aangesien BAT se finansiële jaareinde Desember is en omdat daar verskille in die rekeningkundige beleid van die twee maatskappye voorkom. Ná uitskakeling van uitsonderlike items en amortisasie van klandisiewaarde, is R&R se bydrae tot Remgro se wesensverdienste soos volg:

	2001 £ miljoen	2000 £ miljoen
R&R se wesensverdienste vir die jaar geëïndig 31 Maart	438	429
Min: Gedeelte toegedeel aan R&V Holdings	(11)	(75)
Aangesuiwerde wesensverdienste	427	354
Remgro se 33.33%-belang daarin	142	118
	R miljoen	R miljoen
Omgereken teen 'n gemiddelde £/R-koers van 10.8046 (2000: 9.9075)	1 539	1 170

BAT is die tweede grootste genoteerde tabakgroep ter wêreld, met wêreldmarkaandeel van meer as 15% en jaarlikse versendings van meer as 800 miljard sigarette. Dit het meer as 'n 50% markaandeel in Latyns-Amerika en staan ook sterk in ander streke. Met 'n sterk en wydverspreide portefeulje van internasionale-, streeks- en plaaslike handelsmerke streef BAT daarna om globale leierskap in die tabakbedryf te bekom deur sy aandeel in die premie- en ligte segmente van die mark te verhoog.

In die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2000 het BAT 'n toename van 7% in verkoopsvolumes aangekondig, wat die effek van die samesmelting in ag geneem het. Hoewel die wêreldmark betreklik stabiel was, het BAT se internasionale handelsmerke meer as 1% volumegroei getoon. Die samesmelting met Rothmans International het die aandeel van internasionale premie-handelsmerke in BAT se portefeulje tot meer as 20% verhoog, wat 'n verbetering in winsgewendheid tot gevolg gehad het.

Die samesmeltingsproses is glad en doeltreffend afgehandel. Besparings in bedryfskoste wat deur die samesmelting teweeggebring is, het £230 miljoen in BAT se 2000-boekjaar beloop. Algehele besparings sal groter wees as wat ten tye van die samesmelting in die vooruitsig gestel is en dit wat reeds gerealiseer het, het vinniger geskied as wat verwag is. Buiten kostebesparings, is groeigeleenthede benut en nuwe verkoopsorganisasies en versterkte verkoopspanne het 'n rol gespeel om die maatskappy se kern handelsmerke in 'n aantal markte te bevorder.

8. BELEGGINGS

Die belangrikste veranderinge met betrekking tot die groep se ander beleggings was soos volg:

Gencor Beperk (Gencor)

Gencor het op 14 April 2000 sy beleggings in Gold Fields of South Africa Beperk (GFSA), Gold Fields Beperk (GFL) en Standard Bank Investment Corporation Beperk by wyse van 'n dividend in spesie aan sy aandeelhouers, ontbondel.

GFSA

Op 2 Mei 2000 het GFSA sy beleggings in Northam Platinum Beperk (Northam) en GFL by wyse van 'n dividend in spesie aan sy aandeelhouers ontbondel. Op 21 Julie 2000 het GFSA 'n kontantuitkering aan aandeelhouers gemaak in afwagting van sy vrywillige likwidasie. Die notering van GFSA se aandele is op 2 November 2000 beëindig.

Remgro het sy aandele in Northam, wat in terme van bogenoemde ontbondeling ontvang is, verkoop. 'n Kapitaalsurplus van R152 miljoen is gerealiseer en as 'n uitsonderlike item verantwoord.

Ruil van aandele in Billiton Plc (Billiton) en GFL vir aandele in FirstRand Beperk (FirstRand) en Rand Aksepbank Beherend Beperk (RABB)

Remgro het effektief op 1 Januarie 2001 sy belang van 8.2% in Billiton en 11.3% in GFL vir 932 500 000 aandele in FirstRand geruil. Remgro het daarna 424 863 144 FirstRand aandele aan RABB oorgedra in ruil vir 274 109 670 nuwe RABB-aandele. Na die ruil hou Remgro 'n belang van 9.3% in FirstRand en 23.1% in RABB. 'n Kapitaalsurplus van R1 371 miljoen is as 'n uitsonderlike item verantwoord.

W&A Gilbey (South Africa) (Edms) Beperk (Gilbey)

Die belang van 49% in Gilbey is in April 2000 vir R45 miljoen verkoop.

Business Partners Beperk (Business Partners)

'n Verdere belegging van R8 miljoen is gedurende Augustus 2000 in Business Partners gemaak.

Transvaal Suiker Beperk (TSB)

Hunt Leuchars & Hepburn Holdings Beperk (HL&H) het op 29 Junie 2000 bekend gemaak dat 'n ooreenkoms met The Tongaat-Hulett Group Limited bereik is vir die verkoop van alle TSB-bates, met die uitsondering van die sitrusbelange, vir R1 miljard. Die goedkeuring van die mededingingsowerhede moes vir hierdie transaksie verkry word.

Na voorleggings deur alle belanghebbende partye, het die mededingingsowerhede die beoogde transaksie verbied. Dit het meegebring dat die beoogde reëlingskema in terme waarvan Industrial Partnership Investments Beperk, 'n filiaal van Remgro, 'n aanbod aan die minderheidsaandeelhouers van HL&H sou maak, nie verder gevoer is nie.

DIVIDENDE

Verklaring van Dividend Nr 2

Hiermee word kennis gegee dat 'n finale dividend van 106 sent per aandeel verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die B-aandele van tien sent elk, vir die finansiële jaar wat op 31 Maart 2001 geëindig het. Die dividend is betaalbaar aan aandeelhouers van die maatskappy wat op 3 Augustus 2001 geregistreer is.

Saam met die tussendividend van 56 sent per aandeel wat gedurende Januarie 2001 betaal is, bedra die totale dividende vir die finansiële jaar 162 sent per aandeel.

Die finale dividend sal op 17 Augustus 2001 elektronies oorgeplaas word in die bankrekeninge van aandeelhouers wat van hierdie fasiliteit gebruik maak, terwyl dividendtjeks dieselfde dag aan ander aandeelhouers gepos sal word.

Die jaarverslag sal gedurende Julie 2001 aan lede gepos word.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Thys Visser
Hoofuitvoerende beampte/ Ondervoorsitter

Stellenbosch
20 Junie 2001

DIREKSIE EN ADMINISTRASIE

Direkteure
Johann Rupert* *(Voorsitter)*
M H Visser *(Ondervoorsitter/Hoofuitvoerende Beampte)*
P E Beyers*, W E Bührmann, G D de Jager*, J W Dreyer*, P J Erasmus*, D M Falck, E de la H Hertzog*, E Molobi*, J F Mouton*, J A Preller (Mev), F Robertson*, P G Steyn*, T van Wyk
(Nie-uitvoerend)*

Sekretaris
J C Engelbrecht

Notering
JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika
Sektor: Gediversifiseerde Nywerhede

American depositary receipt (ADR) program
Cusip nommer 75956M107 ADR tot gewone aandeel 1:1

Depositaris
The Bank of New York, 101 Barclay Street, New York NY 10286

Sake-adres en geregistreerde kantoor
Carpe Diem Kantoorgebou, Quantumstraat
Tegnopark, Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretarisse
Computershare Services Beperk, Foxstraat 41
Johannesburg 2001 (Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure
PricewaterhouseCoopers Ing.

Borg
Rand Aksepbank Korporatiewe Finansiering

Webwerf
www.remgro.com

GRAPHICOR 23542